

**Baard**

Baard

Kom ons kyk na 'n onderwerp wat in totaliteit verwerp word deur die moderne man tans op aarde.

In die Skrif se tydperk het alle Yashar'EL mans baard gedra en so het hul seuns 'n begeerte gehad om 'n baard soos sy pa sin te hê. Ons kan nou na 'n paar aspekte kyk rondom 'n baard en waarom dit sy populariteit verloor het.

'n Baard is 'n normale groei van hare aan 'n man se gesig soos hare op die kop van die mens. 'n Baard begin groei aan die gesig van 'n jongman wanneer hy by die ouderdom van so 15, 16 jaar is. Gewoonlik wanneer die jong baard haartjies uitkom weet die ouers dat die kind nou groot begin te word. Om 'n baard te kan dra is 'n voorreg wat deur VADER aan ons as Adamiete gegee het. Self YAH (Seun van VADER) toe Hy as 'SHA'(Losser) 'n draai op aarde kom maak het, het 'n baard gehad (Jes.50:6).

Bo en behalwe dat baard 'n man se status“lig”gee, gee dit hom ook outoriteit of sterker heerskappy. Vir die interessante word 'n sleutel se tande 'baard' genoem, hoekom? Omrede die baard die outoriteit het om oop te maak. Daardie outoriteit het ons as mans by VADER ontvang om te heers.

*(Jes. 22:22 En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie (Open.3:7). Mat 16:19 En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees).*

Kom ons kyk na 'n klompie verse in die Skrif tot ondersteuning oor 'n baard. Ek begin om uit te wys dat ons rein moet wees vir VADER: *Lev. 11:44 Want Ek is die ~~HERE~~ VADER julle God Skepper; toon dan dat julle heilig rein is en wees heilig rein, want Ek is heilig rein; daarom, verontreinig julle self nie.....* Onmiddellik kom die vraag op, wat bedoel VADER as Hy sê 'rein' ? Rein beteken tog sindelikhed, netheid, eerbaarheid, kuisheid, suiwerheid of selfs sonder wetsoortreding. Dus om reinheid na te streef is om te doen wat VADER vir ons as mans verwag (Toe YAH die mens / Adam geskape het, het Hy gesê: “Dit is goed” Adam het soos die vrou hare op die kop ontvang waarvan hy sy hare vas moet bind netjies moet hou. Adam het ook hare aan sy gesig ontvang wat die vrou nie ontvang het nie. Hoekom? Die baard skenk heerskappy in 'n huwelik. Adam lyk dus anders as die vrou en die man lyk die -selfde as VADER). YAH het die man/Adam 'n baard gegee wat hom outoriteit gee sodat eerbaarheid tot hom kan kom. 'n Bebaarde man se gesig kom meer sterk in karakter voor as daarsonder, en dit verleen ook dat 'n bebaarde man meer kennis het as daarsonder. Dus as VADER praat van reinheid bo in die gelese vers, verwag Hy van kop tot toon (*in en uiterlik*) reinheid.

As jy die liggaam skade aandoen skaad jy YAH se skepping. As YAH gesê het dat die man rein is met 'n baard wat Hy hom gegee het, dan is dit so. Nou kom die moderne eeu man en sê nee die baard lyk dom, onhigiënies, ongepas en onprofessioneel. M.a.w. YAH het 'n fout gemaak om hare aan 'n man se gesig te laat groei, of is dit nou 'n straf? Nou sê ek vir die wat die baard afskeer: Julle is teen VADER en Sy Woord. Julle verontreinig julleself deur om die baard af te skeer. Julle wil nie soos HY lyk nie, maar eerder soos die heiden-volke se god. Julle vereenselwig julle met hulle kultuur en godsdienste. Baie vermors hulle gesigte om 'n bokkie baard of allerhande skeuring aan hulle gesigte toe te laat (*Lev.19:2*). Kom ons lees wat staan in *Lev 19:27: Julle mag die rand van julle hoofhare nie rond wegskeer nie. Ook mag jy die rand van jou baard nie skend nie (Lev.21:15)*. Baie het 'n mispersepsie oor die rand van die baard. As ek na 'n rivier kyk is die rand van die lopende water die walle aan die kant van die rivier en nie die oppervlak van die water self nie. Dus het die lengte van die baard niks met die rant te doen nie, maar wel die gedeelte waar die baard nie groei of stop soos die see teen die strand (wal van die rivier).

Kom ons lees in *Amos. 8:10: En Ek verander julle feeste in rou en al julle liedere in klaagsang, en Ek bring op alle lendene 'n roukleed en op alle hoofde kaalheid. En Ek maak dit soos by die rou oor 'n enigste kind en die einde daarvan soos 'n bittere dag*. Dus as daar "kaalheid" kom in die plek waar hare normaalweg gegroei het is dit 'n rou tyd of skaamte. Hoekom ek so sê lees ons dit in: *2 Sam. 10:4 Daarop neem Hanun die dienaars van Dawid en skeer die een helfte van hulle baard af en sny hulle klere in die helfte af, tot by hulle sitplekke; en hy het hulle laat gaan*. 'n Groot skaamte is dit vir 'n man om sy baard halfpad te verloor. Wat ook duidelik uitgewys word is dat hulle almal wel baard gedra het. In *Jes 7:20* lees ons ook van die baard wat afgeskeer word: *In dié dag sal ~~die HERE~~ VADER met die skeermes wat anderkant die Eufraat gehuur is, met die koning van Assur, afskeer die hoof en die hare van die voete; en dit sal ook die baard wegneem* (Onthou baard beteken heerskappy en outoriteit).

So kan ons ook lees dat Dawid se manne almal baard gedra het: *1 Kor. 12:8 Ook van die Gadiete het hulle afgeskei na Dawid, na die bergvesting in die woestyn, dapper manne, krygsmanne in die oorlog, toegerus met skild en spies, en hulle gesigte was leeu gesigte en hulle was vinnig soos gemsbokke op die berge:*

Manne wat bandeloos leef en wat 'n gladde "skoon" gesig voorstaan leef die Egiptiese tradisie. In *Gen.41:14* staan: *Toe laat Farao Josef roep, en hulle het hom gou uit die gevangenis uitgehaal, en hy het hom geskeer en ander klere aangetrek; en hy het by Farao gekom*. Eerste ding wat uitkenbaar is van 'n Yashar'EL is sy baard "identiteit" en daarom wil die wêreld van dit ontslae raak. Ha satan wil nie hê dat 'n Yashar'EL man (Jakob seun) sy heerskappy terug ontvang, wat in die tuin van Eden syne was nie (So dink hulle, maar die Skrif leer ons dat ons wel weer die heerskappy sal ontvang).

*Gen 3:14* Toe sê ~~die HERE God~~ YAH hul Skepper aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe.  
*Gen 3:15* En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Let mooi op wat hier vir ons deur gegee word. YAH praat hier eerste met Ha satan en sê: omdat jy die Adamiet verkul het is hulle nou deur jou gestraf (nie vir ewig nie). Jy Ha 'satan' sal van nou af net van die mens (*Adamiet die stof van die aarde*) leef tot jou dae van toring op die Adamiet tot einde sal kom. In vers 15 gaan YAH voort om met Ha satan te praat om te noem dat YAH vyandskap stel tussen hulle sade. M.a.w. Geen nageslag sal ooit weer uit Ha satans kant kan kom deur die Adamiet nie. Ha satan se nageslag sal wel voort bestaan deur Kain (*sy kind*), maar nooit weer deur die Adamiet nie. Let op na die volgende woorde in die vers: “Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt”. YAH praat hier met Eva wat langs Ha satan staan. YAH spreek met Eva en sê: *hy sal jou die kop vermorsel* m.a.w. Ha satan sal die heerskappy wat jy as Adamiet gehad het vat en syne maak. Net na die uitspraak noem YAH aan Eva: *maar jy* (die Adamiete) *sal hom* (Ha satan en sy nageslag) aan die hakskeen gryp en hom omruk en die heerskappy wat jy verloor het terug kry. Baie dink dit is Ha satan wat 'n hakskeen byter is, maar dit is die teenoorgestelde.

Let mooi op in die algemeen regoor die aarde wie dra die baard, is dit nie Ha satan se kinders (*Jode en die heiden-volke*) nie? Tans het hulle die heerskappy regoor die aarde! Is dit nie nou die tyd om agter te kom dat ons die heerskappy moet terug-neem wat oorspronklik aan ons as die baard-draende Adamiete behoort nie!

Min Yashar'EL (uitverkore van VADER) weet dat hulle slegs hulle kop of baard mag skeer na (1) Nasireërskap (2) Melaatsheid of infeksie (3) dood van 'n gesinslid (*Laasgenoemde is nie 'n vereiste nie*).

Bo en behalwe die boonste uitwysing oor 'n baard “manne van VADER” gee dit 'n man karakter en respek waarvan die Jood / heiden nie van hou nie.

Kom nou uitverkore manne, julle wat die nageslag is van Jakob, laat ons gaan na Hom wat ons as Sy gelykenis geskape het. Ja na 'n Mooi wit Man wat kan bloos, 'n Man in aansien met 'n prag volle baard en sit op 'n troon. Hy roep na jou en my om te doen wat Hom behaag. Hy roep na jou wat geskape is na SY beeld. Jy lyk soos VADER en SY Seun!

Laat ons aantree voor VADER om heerskappy by HOM te kan ontvang en vir ewig as prins daar te wees vir SY Seun “YAH”.

HalleluYAH!